**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE**:

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION**:

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 21 AUGUSTUS 2023 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

## TEENWOORDIG:

## LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

## ANDER RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker *(sluit aan om 10:04)* |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |

## AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. M Crous | : | Bestuurder: Inkomste *(waarnemende Direkteur Finansiële Dienste)* |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

| AKSIE |
|---|

**BKN001/08/2023**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna hy 'n dagstuk uit John Maxwell se Daaglikse Wysheid van Leiers deel. Raadslid Daniels open die vergadering met gebed.

***

**BKN002/08/2023**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Waarnemende Direkteur Finansiële Dienste - afwesig met verskoning

***

**BKN003/08/2023**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

***(Die Speaker sluit om 10:04 aan by die vergadering)***

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/08/2023**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 18 JULIE 2023 EN DINSDAG 25 JULIE 2023**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notules van die vergaderings, soos gehou op Dinsdag 18 Julie 2023 en Dinsdag 25 Julie 2023, bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (V WILLEMS)***

***

**BKN005/08/2023**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 18 JULIE 2023 EN DINSDAG 25 JULIE 2023**

Die Munisipale Bestuurder meld dat terugvoer gegee sal word in September 2023 rakende die Stedeband tussen Bergrivier Munisipaliteit en Heist-op-den-Berg aangesien hul op somervakansie is.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslae van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergaderings, soos gehou op Dinsdag 18 Julie 2023 en Dinsdag 25 Julie 2023.

***

**BKN006/08/2023**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/08/2023**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/08/2023**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Hy wens Hoërskool Porterville en Hoërskool Piketberg geluk met hul onderskeie prestasies in die rugby en netbal asook die goeie vennootskap tussen die twee skole;
- Hy bedank die Uitvoerende Onderburgemeester, Munisipale Bestuurder, amptenare en delegasie van Heist-op-den-Berg wat die "Conference South African International Municipal Cooperation" (WWSG-konferensie) bygewoon het by Witzenberg Munisipaliteit;
- Hy bedank die Uitvoerende Onderburgemeester en administrasie wat tydens sy siekverlof vir hom ingestaan het; en
- Hy vra verskoning aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksie vir sy uitbarsting in die Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos gehou op Dinsdag 30 Mei 2023.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/08/2023**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/08/2023**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/08/2023**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: VOORLEGGING / BESPREKING 2022 / 23 BEGROTING**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat 'n gespreksessie gereël word tussen die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Direksie en Begrotingskantoor om die 2022/23 Begroting te bespreek met spesifieke verwysing na die kapitaalspandering;
2. Dat die Portefeulje Voorsitters maandeliks by die onderskeie Staande Komitees 'n bespreking fasiliteer rakende die "Procurement plan", kapitaalspandering en die SDBIP;
3. Dat die Procurement plan, Kapitaalspandering en SDBIP as 'n staande item op die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se agenda geplaas word vir moniteringsdoeleindes; en
4. Dat die onderskeie Direkteure die uitdagings wat ondervind word in hul direktorate wat dienslewering affekteer met hul onderskeie Portefeulje Voorsitters moet bespreek.

***

**BKN012/08/2023**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: HERWINNING / KOMPOSTERING**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die herwinning / kompostering deur die Speaker, Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder in 'n afsonderlike gesprek hanteer word.

***

**BKN013/08/2023**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: DIENSLEWERINGSKWESSIES**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die item reeds in 'n afsonderlike gesprek aangespreek word.

***

**BKN014/08/2023**
**VIERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: CALENDAR FOR 2023/24 FINANCIAL YEAR**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die wysigings soos aangebring by die volgorde van die interne Staande Komiteevergaderings goedkeur.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**BKN015/08/2023**
**IMPLEMENTERINGSPLAN / PROSESPLAN: AANSTELLING VAN DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE / HOOF FINANSIËLE BEAMPTE VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Implementeringsplan / Prosesplan: Aanstelling Van Direkteur Finansiële Dienste / Hoof Finansiële Beampte vir Bergrivier Munisipaliteit goedkeur.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN016/08/2023**
**MUNICIPAL FINANCIAL SUSTAINABILITY INDEX (MFSI™) ANALYSIS REPORT**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag; en
2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring gee dat die Munisipale Bestuurder mnr. Leon Claassen uitnooi na 'n Uitvoerende Burgemeesterskomitee om die besonderhede in die verslag te bespreek met die oog op toekomstige volhoubare besluitneming en dienslewering.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN017/08/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING: DINSDAG 01 AUGUSTUS 2023**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, gee breedvoerig terugvoer insake die "Small-Town Regeneration" programme.

Addisionele inligting word gelewer deur die Bestuurder: Strategiese Dienste met spesifieke verwysing na die Thusong sentrum.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN018/08/2023**
**VIREMENT POLICY**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Breedvoerig insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Op navraag van die Uitvoerende Burgemeester rakende uitklaring wat gegee moet word rakende die besparings op die "External Loans" meld die Munisipale Bestuurder dat dit deel moet maak van die gespreksessie rakende die 2022/23 begroting.

***(Die Speaker reël dat die Spesiale Raadsvergadering soos geskeduleer vir 12:00 na afloop van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee sal plaasvind.)***

**<u>RESOLVED</u>**

1. That Executive Mayoral Committee approves the following additions to the Virement Policy:

   a) That no virements are allowed between projects that are funded from external loans;

   b) That no virements will be allowed from specific priority service delivery areas as identified by Council from time to time;

   c) That no virements may be done on capital and operational votes for the first three months of the financial year and the last two months of the financial year, only on emergency cases and motivated by the Director to the Municipal Manager and CFO, and must be reported by the CFO to the first Executive Mayoral Committee meeting following the decision taken;

   d) That when a project is completed the saving is not allowed to be viremented to another vote, the saving must be rectified within an adjustment budget;

   e) That all virements done between salary items must be approved by the Municipal Manager on the required form;

   f) That no virements are permitted from 01 December until 28 February (after the release of the Adjustment Budget on the financial system) except emergencies as per c) above;

2. That the abovementioned additions be inserted after point 7.1.4 of the current draft); and

3. That the Virement Policy with the proposed amendments be referred to the next Formal Directors Meeting and Financial Committee meeting to obtain inputs and comments regarding the policy.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES (Acting)***

***

**BKN019/08/2023**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENT: MAY 2023</u>**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**<u>RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

That Council take note of the monthly budget statement and supporting documentation for May 2023.

***

**BKN020/08/2023**
**<u>QUARTERLY AND MONTHLY BUDGET STATEMENT: JUNE 2023</u>**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council take note of the monthly budget statement and supporting documentation for June 2023.

***

**BKN021/08/2023**
**MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORTS: MAY 2023 – JUNE 2023**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Executive Mayor take note of the May 2023 and June 2023 Supply Chain Management Implementation reports and that they be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act no 32 of 2000).

***

**BKN022/08/2023**
**IMPLEMENTATION OF SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY IN TERMS OF SECTION 6(1)(3) OF THE MUNICIPAL REGULATIONS FOR THE FOURTH QUARTER AND THE FINANCIAL YEAR 2022/2023**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That Council considers and takes note of the Supply Chain Management implementation report for the period 1 July 2022 to 30 June 2023 and representing the fourth quarter of the 2022/2023 financial year; and
2. That the report be made public in accordance with section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act no 32 of 2000).

***

**BKN023/08/2023**
**INKOMSTEVERBETERINGSTRATEGIE**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Addisionele inligting word gelewer deur die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met spesifieke verwysing na die herbesin rakende Ducharme se werksaamhede by Bergrivier Munisipaliteit.

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag en die opgedateerde aksieplan asook gewysigde teikendatums; en
2. Dat die Finansiële Dienste direktoraat verslag doen rakende Ducharme se werksaamhede en voorwaardes met Bergrivier Munisipaliteit en voorlê by die Finansiële Dienste Komiteevergadering en Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering ter kennisname.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (waarnemend)***

***

**BKN024/08/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 01 AUGUSTUS 2023**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN025/08/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 02 AUGUSTUS 2023**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN026/08/2023**
**VERTEENWOORDIGERS VAN BUITELIGGAME EN ANDER RAADSAANGELEENTHEDE**
**15/1/5/9**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae B)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Korporatiewe Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die Voorsitterskap asook die oorsigrol van die Raadslede by die Risiko Komitee.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Interne Ouditeur die ouditverslag wat deur Weskus Distriksmunisipaliteit uitgereik is, aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee versprei ter kennisname.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die lys van verteenwoordigers op Buiteliggame en ander Raadsaangeleenthede goedkeur met die voorgestelde veranderinge.

***

**BKN027/08/2023**
**DRAFT AMENDMENTS TO THE BY-LAW RELATING TO CONTROL OF UNDERTAKINGS THAT SELL LIQUOR TO THE PUBLIC, 2018.**
**1/4/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Korporatiewe Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That the contents of the report be noted and that Option 2 proposed by DEDAT be recommended to the Executive Mayoral Committee ;
2. That in terms of Section 12(2) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) proposed amendments to the By-law Relating to Control of Undertakings that sell liquor to the Public, 2018 be endorsed for the purpose of public representation;

3. That in terms of Section 12(3)*(b)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the proposed amendments to the By-law Relating to Control of Undertakings that sell liquor to the Public, 2018 be published for public representations; and
4. That, after publication, the proposed amended By-law Relating to Control of Undertakings that sell liquor to the Public, 2018 and any representations received be submitted to Council for consideration.

***

**BKN028/08/2023**
**REVIEW OF HUMAN RESOURCES STRATEGY AND IMPLEMENTATION PLAN 2022 - 2027**
**4/8**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in.

**RESOLVED**

That the reviewed Human Resources Strategy and Implementation Plan, attached as Annexure A, be approved.

***

**BKN029/08/2023**
**WYSIGING VAN DIE INDIENSNEMINGSBELEID**
**2/B**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat daar uitklaring gekry moet word rakende die oorsigrol van Raadslede by die keuring en werwingsprosesse.

**BESLUIT**

1. Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste die operasionele prosesplan sirkuleer aan die Portefeulje Voorsitters en Direksie ten einde vrae en insette te lewer om te verseker dat die oorsigrol van die Raadslede vervul word;
2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die wysiging van die Indiensnemingsbeleid, goedkeur; en
3. Dat 'n opinie verkry word rakende die oorsigrol van Raadslede by die keuring en werwingsprosesse.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN030/08/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 02 AUGUSTUS 2023**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN031/08/2023**
**HEFFING VAN ADDISIONELE FOOIE VIR ONGEMAGTIGDE BOUWERKE SOOS PER GOEDGEKEURDE TARIEWE VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**

Die Voorsitter lei die item in. Addisionele inligting word gelewer deur die

Direkteur Tegniese Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n kommunikasie opstel om die besluit te kommunikeer en aan die relevante Portefeulje Voorsitter stuur vir proeflesing voordat die kommunikasie aan die publiek gesirkuleer word.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad 'n grasietydperk van drie (3) kalendermaande, vanaf die datum van skriftelike kennisgewing aan 'n eienaar, instel waarbinne 'n eienaar planne kan indien vir enige gebou wat opgerig was sonder die nodige goedgekeurde bouplanne, alvorens die addisionele fooie vir ongemagtigde bouwerk (uitgevoer sonder die nodige goedgekeurde bouplanne) gehef word. Indien hierdie periode oorskry word, sal die eienaar die addisionele fooi gehef word en geen vertoë sal oorweeg word nie;
2. Dat huidige onafgehandelde vertoë op die volgende wyse hanteer word, naamlik dat eienaars ook drie (3) kalendermaande gegun word om planne in te dien. Dié wat reeds ingedien en betaal het, word vergoed vir die addisionele fooi reeds betaal;
3. Dat hierdie slegs as 'n interim maatreël ingestel word gegewe die potensiële wetlike implikasies sou dit in die hof betwis word en so spoedig moontlik deur 'n verordening aangespreek word wat duidelik die oortredings en gepaardgaande boete(s) uiteensit; en
4. Dat die betrokke hofuitspraak deeglik bestudeer word om die korrekte meganisme vir toekomstige optrede te bepaal.

***

**BKN032/08/2023**
**TEGNIESE DIENSTE: TWEEDE STAANDE ITEM: MAANDVERSLAE (MEI 2023 - JUNIE 2023)**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die item oorstaan.

***

**BKN033/08/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DONDERDAG 03 AUGUSTUS 2023**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN034/08/2023**
**NOTULES VAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 07 FEBRUARIE 2023, DINSDAG 07 MAART 2023, DINSDAG 04 APRIL 2023 EN DINSDAG 02 MEI 2023**
**9/1/2**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Gemeenskapsdienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Dinsdag

07 Februarie 2023, Dinsdag 07 Maart 2023, Dinsdag 04 April 2023 en Dinsdag 02 Mei 2023, soos voorgelê.

***

**BKN035/08/2023**
**NOTULES VAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 07 FEBRUARIE 2023, DINSDAG 07 MAART 2023, DINSDAG 04 APRIL 2023 EN DINSDAG 02 MEI 2023**
**9/1/2**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Tegniese Dienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Dinsdag 07 Februarie 2023, Dinsdag 07 Maart 2023, Dinsdag 04 April 2023 en Dinsdag 02 Mei 2023, soos voorgelê.

***

**BKN036/08/2023**
**NOTULES VAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 08 FEBRUARIE 2023, WOENSDAG 08 MAART 2023, WOENSDAG 05 APRIL 2023 EN WOENSDAG 03 MEI 2023**
**9/1/2**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Korporatiewe Dienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Woensdag 08 Februarie 2023, Woensdag 08 Maart 2023, Woensdag 05 April 2023 en Woensdag 03 Mei 2023, soos voorgelê.

***

**BKN037/08/2023**
**NOTULES VAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 08 FEBRUARIE 2023, WOENSDAG 08 MAART 2023, WOENSDAG 05 APRIL 2023 EN WOENSDAG 03 MEI 2023**
**9/1/2**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Finansiële Dienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Woensdag 08 Februarie 2023, Woensdag 08 Maart 2023, Woensdag 05 April 2023 en Woensdag 03 Mei 2023, soos voorgelê.

***

**BKN038/08/2023**
**NOTULES VAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 09 FEBRUARIE 2023, DONDERDAG 09 MAART 2023, DONDERDAG 06 APRIL 2023 EN MAANDAG 08 MEI 2023**
**9/1/2**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee se vergaderings wat gehou is op Donderdag 09 Februarie 2023, Donderdag 09 Maart 2023, Donderdag 06 April 2023 en Maandag 08 Mei 2023, soos voorgelê.

***

**BKN039/08/2023**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN040/08/2023**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 12:19, waarna die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Munisipale Bestuurder en Direkteur Korporatiewe Dienste die vergadering In-Komitee voortsit.***

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:40*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

_____________________________ __________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***